
1PT 5:2b-6 : HERDERS EN DIE GEMEENTE

No. E89

'n Paar weke gelede het ons gekyk na v.1-2a - na 'n aantal basiese beginsels oor die Bybelse rol van ouderlinge in 'n gemeente.

Kom ons kyk nou na die volgende verse, wat aandag gee aan slaggate wat maklik ontstaan in die verhouding tussen gemeente en ouderlinge.

Eers rig Petrus 3 waarskuwings aan die ouderlinge (2b-3), en in v.5a rig hy dan 'n vermaning aan die res van die gemeente.

PETRUS SE 3 WAARSKUWINGS AAN OUDERLINGE (V. 2b-3)

❑ Die Apostel maak drie kontrasterende stellings in sy woorde aan die ouderlinge. Elke keer stel hy eers die gevaar waarteen hulle moet waak en dan waarna hulle moet steef

Die wysheid van hierdie waarskuwings blyk uit die feit dat die sake wat dit aanspreek male sonder tal deur die kerkgeskiedenis na vore gekom het as die mees tipiese ontaardings van die ouderlingamp.

1. Die ouderling se gesindheid teenoor die Here: **Nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag (v. 2b).**

❑ *Geen gedwonge diens, pligpleging en formalisme is ooit vir die Here aanvaarbaar nie.* Waarom nie? Net Sy eie werk is vir Hom aanvaarbaar, omdat dit alleen aan Sy volmaakte eise kan voldoen. As Hy daarom mense in Sy diens roep, werk Hy in hulle "om te wil sowel as om te

werk na Sy welbehae" (Fl 2:13, OAV). En hierdie werk van Hom geskied in die hart van die mens, die sentrum van sy persoonlikheid - sy wil, gesindhede, motiewe.

Herderskap geskied dus van harte. Dit word vir die Here gedoen - en voor Sy aangesig. Hý het geroep; Hý eis verantwoording. Ouderlingskap is nie 'n stuk pligpleging nie. Ewemin is die predikante-amp 'n profesie bloot ter wille van 'n inkomste.

❑ Ware herderskap is dalk die mees veeleisende en "ondankbare" dienswerk waartoe iemand in die gemeente geroep kan word. Net die roeping van die Here en toerusting van die Heilige Gees kan iemand hiervoor gewillig en bekwaam maak.

❑ Wat hier aangespreek word, is een van die belangrikste oorsake van die kerk se mankemente: *ouderlinge wie se ampswerk nie hulle aanbidding is nie.* Daarenteen kan as 'n variasie op die tema van 2Kor 9:7 gesê word: God het 'n blymoedige herder lief! Nie alleen nie moet voor die verkiesing van 'n ampsdraer gevra word of hy *mag* (kwalifiseer hy in terme van Skrifstandaarde?), en of hy *kan* (het hy die nodige gawes vir die ampswerk?), maar ook of hy *wil* (het die Gees die innerlike roeping in hom gewerk? (vgl. 1Tm 3:1).

2. Die ouderling se gesindheid ten opsigte van die roeping: **Nie om eie (materiële) gewin nie, maar uit toegewydheid (v. 2c).**

❑ Van die vroegste tye af het herders geswig voor die versoeking om hulle gesag en bevoorregte posisie te misbruik ten einde *die kudde uit te buit*, soos Esegieël 34 laat blyk (vgl. v. 2-3, 8, 10, 17-21).

❑ Die NT is duidelik: "die arbeider is geregtig op sy loon" (Lk 10:7). Ook dat: "die wat die Evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die Evangelie moet ontvang" (1Kor 9:14) (Sien ook 1Tm 5:17 en konteks).

Maar van die versoeking om hulleself te verryk,

moet die herders wegvlug soos van 'n dodelike vyand. Nadat Paulus vir Timoteus skryf dat sommige dink "dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak", raai hy hom ten sterkste aan om van alle geldgierigheid af weg te vlug (1Tm 6:5-11).

Dit is betekenisvol dat beide die ouderlingspieëls waarsku teen geldgierigheid (1Tm 3:3; Tit 1:7).

❑ Só versigtig was Paulus vir hierdie slagyster dat hy liewers alle skyn van die kwaad vermy het deur geen vergoeding van gemeentes wat hy bedien het te aanvaar nie - al was hy daarop geregtig (Hd 20:33-35; 1Kor 4:12; 1Kor 9:14-19; 2Kor 11:8; 1Ts 2:9; 2Ts 3:7vv).

3. Die ouderling se gesindheid teenoor die gemeente: **Nie deur baas te speel oor die wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees (v. 3).**

❑ *Gesagsmisbruik* van ouderlinge het helaas weer en weer kop uitgesteek in die kerkgeskiedenis (sien ook Eseg 34:4). Waar dit ongebreidel voortwoeker, word die kerk spoedig 'n kultus met die lidmate blote marionette in die hande van gewoonlik een persoon (want iemand se magsug en ambisie kan nooit tot rus kom as hy net nóg een van 'n paar is nie).

❑ Sekerlik gee die Here gesag aan die ouderlinge om in die gemeente te regeer, maar die Skrif beklemtoon selfs nog meer dat hulle diensknegte in die gemeente moet wees (Mt 20:25-28; Lk 22:24-27). Hulle ontvang dus die gesag ten einde die gemeente des te beter te dien. Wat hulle vir die kudde leer, moet hulle self uitleef - as bevestiging en demonstrasie van dit waarvoor hulle sê hulle staan.

❑ Die skaapherders van die antieke wêreld (en vandag nog in die Midde-Ooste) was juis hiervan 'n toonbeeld: hulle het nie die skape aangejaag of gedryf soos by ons nie, maar voor hulle uitgestap - hulle dus gelei. Dit is waarom Petrus die ouderlinge

oproep om "voorbeelde" te wees.

Presies dieselfde oproep word deur Paulus tot Timoteus en Titus gerig (1Tm 4:12; Tit 2:7) en self het hy dit uitgeleef en onbeskroomd gesê (Hd 20:35; 1Kor 4:16; 11:1; Fl 3:17; 4:9; 2Ts 3:9).

PETRUS SE VERMANING AAN DIE RES VAN DIE GEMEENTE (V. 5a)

□ Vers 5a is eksegeties moeilik. Daar is meer as een vertolkingsmoontlikheid. Dit gaan veral om die twee begrippe "julle wat jonger is" (Gr. *neoteroi*) en "die ouer mense" (Gr. *presbuteroi*). Selfs uitstekende kommentare het uiteenlopende opinies.

Hoewel die vertolking wat ek voorstel, afwyk van die meeste Bybelvertalings, meen ek tog dis die mees natuurlike en logiese vertolking.

- "Net so" koppel terug aan die voorafgaande.
- In die Grieks wat ons Bybels vertaal met "die oueres" (OAV) of "die ouer mense" (NAV), gebruik Petrus presies dieselfde woord wat hy so pas in v.1 gebruik het om die ouderlinge te beskryf (Gr. *presbuteros*). Hoewel die woord basies slaan op 'n ouer man, lyk dit tog onwaarskynlik dat hy dit eers tegnies gebruik en onmiddellik daarna weer basies. Ek aanvaar dus hy praat nog steeds van die *ouderlinge*, wat normaalweg die *oudstes in die Here*, oftewel die rypste gelowiges in 'n gemeente is.

- In die oorspronklike taal het die woord wat vertaal word met "julle wat jonger is" (NAV) 'n wye betekenisveld (Gr. *neoteroi*). Dit sou vir seker kon wys op jongmense, maar ook op hulle wat jonger in die Here is - met ander woorde die res van die gemeente. Ek meen dat laasgenoemde die beste sin in die konteks maak.

- Die woord "onderdanig wees" (Gr. *hupotasso*) beteken letterlik om jouself onder ander te plaas - met ander woorde om hulle te respekteer en te gehoorsaam. Die Skrif beveel gelowiges

meermale om die voorgangers te respekteer, asook om onderdanig en gehoorsaam aan hulle te wees (1Ts 5:12; 1Tm 5:17; Hb 13:17).

□ Petrus se gedagte in v.5a is dus: *Hoewel dit so is dat die ouderlinge die kudde in nederige diensbaarheid moet lei, mag die gemeente dit nie misbruik as 'n geleentheid vir eiesinnigheid en selfs rebellie nie; intendeel, die ouderlinge - as manne wat ryp is in die Here, en deur Hom aangestel is - moet gerespekteer en gehoorsaam word.*

'N BEHEERSENDE BEGINSEL

□ Dis duidelik dat hierdie verse oor die regering van 'n gemeente praat. Dit gee dan ook vir ons 'n paar fundamenteel belangrike beginsels daarvoor.

- Die gemeente is nie 'n *demokrasie* (regering deur almal saam); en nog minder is dit 'n *outokrasie* (regering deur een man, of 'n *junta* van ouderlinge). Nee, die gemeente is 'n *teokrasie* (regering deur God).

- Die Here regeer nog altyd déúr mense - in die Ou Testament deur profete, priesters en konings.

Vandag is Jesus Christus die Hoof van die gemeente, en as sodanig die Opperherder. Maar steeds bewerkstellig Hy Sy regering en wil deur mense. Natuurlik regeer die Here deur elke lid van die liggaam, maar by uitnemendheid werk Hy deur die onderherders, oftewel die ouderlinge.

- Daar moet dus 'n sensitiewe wisselwerking tussen ouderlinge en die res van die gemeente wees - ook tydens besluitneming. Die herders moet leiding gee, maar ook die kudde daarin ken (ons praat uiteraard van meer gewigtige besluite).

Dit behoort nie vir ons vreemd te wees nie, want hierdie beginsel van wisselwerking funksioneer in elke gesagskring - soos byvoorbeeld die huwelik en die gesin.

- Soos in bykans alles in die Christen en gemeente se lewe, is 'n fyn balans hier ook weer van die grootste belang. Soos 'n seiljag afhanklik is van 'n swaar loodkiel om regop te bly, so word die gemeente ook van kanteling bewaar - deur die *loodkiel* van wedersydse diensbaarheid.

Dit is wat die Apostel in v. 5b-6 uitlig.

Oor en oor beklemtoon die Here Jesus dit - *dat ons mekaar se voete moet was* (Mt 18:1-5; 20:20-28; Lk 22:24-30; Jh 13:1-17).

Dit beteken dat ek jou nooit mag verwyt as jy my nie dien nie - al wat ek voor oë moet hou, is my roeping om jou te dien. As dit elkeen se gesindheid is, móét dit goed gaan in 'n gemeente. My broers en susters se belange moet altyd vir my voorop wees.

□ Die *volmaakte voorbeeld* hiervan bly natuurlik die Opperherder self - ons Here Jesus. Hy was en is die Allerhoogste (vgl. bv. Kol 1:15-20; Hb 1:2-3). Tog is niemand 'n dienskneg soos Hy nie (Fl2:5-11). Hy het Sy lewe vir die skape neergelê (Jh 10:11), en verskyn steeds voor God ter wille van ons (Hb 9:24, 4:14-16; 7:25; Rm 8:34; 1Jh 2:1).

Mag Hy ons genade gee om Hom hierin te volg!

Nico van der Walt

Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente (Pretoria): 19-08-07
Posbus 12371, Queenswood, 0121
T: (012) 329 3012; 082 7766 141
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za
www.reformed.org.za www.sola5.org

- Daar word weekliks 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan amper 2000 mense wat dit aangevra het.
 - Hierdie preke word ook in Engels versprei.
 - Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
 - E-preke vantevore uitgestuur, is te kry op bg. webwerf.
 - Preekopnames: info@nunide.co.za; T: 012-8083 906
 - Graag stuur ons 'n bekendstelling aan diegene wie se name u vir ons mag aanstuur, maar plaas mense net op ons adreslys as hulle dit dan sêlf versoek.
-